



education

Department:
Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

**NASIONALE
SENIOR SERTIFIKAAT**

GRAAD 12

AFRIKAANS TWEEDE ADDISIONELE TAAL

VRAESTEL 2: SKRYF

MEMORANDUM

NOVEMBER 2008

PUNTE: 80
TYD: 2 uur

Hierdie memorandum bestaan uit 12 bladsye en 6 rubriek-bylae.

■ ALGEMEEN

1. Bestudeer die vraestel en die rubrieke baie deeglik. Vraestel **en** memorandum vorm **saam** die assesseringsriglyne.

- Bylaag A:** Vraag 1 – Opstel.
Bylaag B: Vraag 2.1 – Informele Brief.
Vraag 2.2 – Dialoog.
Vraag 2.3 – 'n Resensie.
Vraag 2.4 – Brief aan die Pers.
Bylaag C: Vraag 3.1 – Poskaart
Vraag 3.2 – 'n Uitnodiging.
Vraag 3.3 – Instruksies.

1. **Stappe om interpretasie van rubrieke te standaardiseer:**
 - Bestudeer en bespreek die rubriek baie deeglik. Let veral daarop dat beplanning by die rubriek ingesluit is
 - Fotostateer voorbeelde uit afdelings A,B en C en sien dit volgens die rubrieke na.
 - Vergelyk die punte.
 - Hoofnasiener neem leiding met die interpretasie van die rubriek en die toekenning van die finale punt.
2. As skryfstukke **heeltmal** uit die vraestel saamgeflans word/dele van opdragte uit die vraestel word net so oorgeskrif, sal die skryfstuk nie logies opeenvolgend nie (maak geen sin nie), en die leerder ontvang dan **geen punte nie**. Kommentaar sal wees: **Geen eie werk nie/Saamgeflans**.
Gedeeltelik oorgeskrif:
 - Plaas hakies om die dele wat oorgeskrif is en trek dit dood. Assesseeer slegs kandidaat se eie werk: Indien daar 50% eie werk is, kan die inhoud nie meer as **voldoende** wees nie. Indien daar slegs 25% eie werk is, kan die inhoud nie meer as **basies** wees nie.
3. **Taal:**
 - Indien groot gedeeltes in 'n ander taal geskrif is, is die taal ontoereikend. Enkele woorde uit ander tale word as taalfoute in berekening gebring.
4. As 'n onderwerp **misgetas** is, word die leerder se antwoordeboek na die senior nasiener verwys. Die kandidaat moet volgens die rubriek baie laag op inhoud aangeslaan word.
5. Indien daar twyfel oor 'n **onderskeidingskandidaat** se skryfstuk(ke) bestaan, moet dit eweneens met die senior nasiener bespreek word.
6. Die **grensgevalle** (slaag/druip): moet net op die finale punt oorweeg word deur hoofnasiener. Die volgende moet in ag geneem word:
 - Die kandidaat se taalvermoë (redelik goed/ swak/hopeloos).
 - Kommunikasie/bodskap (redelik verstaanbaar/glad nie verstaanbaar nie/hopeloos).
 - Kandidaat se punte in al drie afdelings (konsekvent/wisselend).
7. Kandidate moet al die aspekte in die **opdrag** beantwoord, MAAR HOEF NIE DIE AFLEIERS TE VOLG NIE.

SIMBOLE/TEKENS BY DIE NASIEN

VERDUIDELIKING	SIMBOOL	BESKRYWING
Woordorde	(...)	Hakies
Spelfout/punktuasie	—	Kort strepie onder 'n woord
Woordkeuse	/	Haal met 'n streep deur
Tydfoute	T (in die kantlyn)	Hoofletter T
Woord(e) weggelaat	^	Weglaatteken
Paragraafindeling	//	Dubbel skuinsstreep
Herhaling	hh (in die kantlyn)	Dubbele hh
Onduidelik/onverstaanbaar	∫ (in die kantlyn)	Kronkelstreep
Saamgeflans uit vraestel	Vr (in die kantlyn)	Hoofletter V kleinletter r
Woorde uit ander taal	Trek 'n streep deur die woord	Trek 'n streep deur die woord

■ **NEERSKRYF VAN PUNTE**

1. Gebruik die korrekte rubriek vir elke tipe skryfstuk.
2. Assesseer die kandidaat se skryfstuk volgens **Taal** en **Inhoud** na aanleiding van die **sewe kodes**.
3. Bepaal hoe goed, gemiddeld of swak die kandidaat is tussen 33 – 37/50. Skryf net EEN punt neer.
4. Hou die **persentasies** by die kodes in gedagte. Dis 'n hulpmiddel.
5. Skryf die punt volgens die rubriek só neer:

	K5
K6	34

■ AFDELING A: OPSTELTIPES**VERHALENDE OPSTEL**

Dis 'n interessante vertelling van 'n storie/gebeurtenis(se) (gewoonlik uit die verlede). Dit kan vanuit enige perspektief geskryf word.

- die inleiding moet treffend wees
- dit het 'n sterk storielyn
- uitbeelding van karakter(s) is geloofwaardig waar van toepassing
- die leser se belangstelling moet deurgaans behou word
- chronologiese volgorde en kousale verband in die ontvou van die storie is van belang
- gebruik gepaste taal en styl vir die tekssoort
- 'n treffende/buitengewone slot rond dit finaal af

BESKRYWENDE OPSTEL

Die skrywer beskryf iets/iemand soos hy/sy dit ervaar (dis moeilik om iets te beskryf wat nie eerstehands ervaar is nie) en stel die leser in staat om die onderwerp wat beskryf word, net so lewendig soos hy/sy te beleef.

- die inleiding moet treffend wees
- dit kan enige atmosfeer hê; dit kan ook saaklik wees
- behoort 'n prentjie met woorde te teken
- gebruik interessante en beskrywende woorde
- woorde en uitdrukkings moet versigtig gekies word om die gewenste effek te verkry
- gebruik sintuiglike waarnemings: soos jy dit sien, hoor, voel, ruik en proe
- gebruik gepaste taal en styl vir die tekssoort
- 'n treffende/buitengewone slot rond dit finaal af

TOTAAL AFDELING A: 40

■ ONTLEDING VAN MOONTLIKE OPSTELTIPES PER VRAAG

- Die vrae is só geformuleer en die prente só gekies dat 'n persoonlike inkleding van die gekose onderwerp/prent van die kandidaat verwag word.
- Die opstel wat geproduseer word, kan dus **enige een van die twee tipes opstelle wees** soos hierbo uiteengesit. Verskillende kognitiewe vlakke onderliggend aan die NKV word dus hier in ag geneem.

VRAAG	VERHALEND	DENKVLAK	BESKRYWEND	DENKVLAK
1.1	√	1		
1.2	√	2		
1.3	√			1
1.4	√	1		
1.5			√	2

■ ASSESSERING VAN MOEILIKHEIDSGRAAD VAN SKRYFWERK

Verwys na Opsomming van vrae in vraestel 2: November 2008.

Opmerkings:

AFDELING A:

Verhalende onderwerpe:

- Baie kandidate vertel nie 'n storie nie/fokus net op een aspek. Die inhoud moet laer as **voldoende** wees.

Beskrywende onderwerpe:

- Baie kandidate gee nie 'n beskrywing nie. Die inhoud moet laer as **voldoende** wees.

TOTAAL AFDELING A: 40

■ AFDELING B: LANGER TRANSAKSIONELE TEKSTE

Opmerkings:

Taalpunt:

Beoordeel die kandidaat se taalvermoë volgens die rubriek. Besluit dan hoe korrek die formaat is en pas die taalpunt positief of negatief aan.

VRAAG 2.1 INFORMELE BRIEF

INHOUD

- | |
|---|
| <ul style="list-style-type: none"> • Dis 'n groothartige uitnodiging van 'n maat wat 'n ander maat uitnoui om saam vakansie te gaan hou. • Al die nodige inligting is verskaf en die maat word lus gemaak om saam te kom. |
|---|

- Die taalgebruik en styl is gemaklike kommunikasie/gemoedelik/in 'n geselstrant.
- Die inleidingsparagraaf is oorspronklik en lei moontlik reeds die onderwerp in.
- Die slotsin moet oortuigend wees.
- “Groete”/“Liefde” word as 'n aparte paragraaf hanteer.

FORMAAT

- Die adres word regs bo geskryf.
- Die datum word voluit geskryf.
- Die aanhef word teen die linkerkantlyn geskryf en is informeel.
- 'n Reël word tussen die paragrawe ooggelaat.
- Die slot is: Jou maat
Koos
(of net die naam alleen).
- Daar is geen punktuasie in die adres, aanhef of slot nie.

Voorbeelde van die adres:

Posbus 88	Huis 342	Plot 588	Debrahof
Pleknaam	Pleknaam	Pleknaam	Pleknaam
Kode	Kode	Kode	Kode
Kerk straat 1	Kerk-straat 1	Kerkstraat 1	
Voorstad/Uitbreiding	Voorstad/Uitbreiding	Voorstad/Uitbreiding	
Stad/Dorp	Stad/Dorp	Stad/Dorp	
Kode	Kode	Kode	

Geen Engels, behalwe amptelike Engelse name, bv. Mandela Square, word aanvaar nie. Die woord *straat* mag los geskryf word, bv. Wessels Straat/straat.

VRAAG 2.2 DIALOOG

INHOUD

- Dit is 'n openhartige gesprek tussen twee broers of 'n broer en 'n suster. Daar is 'n gemoedelike geselstrant.
- Die een broer/suster spreek sy/haar kommer oor die probleem.
- Hy/sy druk homself/haarself versigtig uit, maar gee beslis 'n waarskuwing.
- Die broer wat in 'n verhouding is, reageer geskok/heftig/ontkennend.
- Die slotsinne spel duidelik uit hoe die probleem aangespreek moet word en wat die toekomstige verhouding tussen broer en broer of 'n broer en 'n suster sal wees.
- Aanspreekvorm moet korrek wees.

FORMAAT

- Die name van die sprekers is netjies onder mekaar neergeskryf.
- Na elke naam is 'n dubbelpunt, maar geen aanhalingstekens word gebruik nie.
- Die spreekbeurte volg op mekaar om 'n aaneenlopende gesprek te vorm.

- Laat 'n reël tussen elke spreekbeurt oop.
- Die spreekbeurt is in blokvorm.

VRAAG 2.3 'n RESENSIE**INHOUD**

- Dis 'n interessante weergawe van gebeure om leeslus te prikkel.
- Dit moet nie te veel inligting gee nie.
- Gebeure loop volgens logiese volgorde om eenheid te vorm.
- Is daar enigiets in die verhaal waarmee lesers kan identifiseer.
- Aanbevelings hoekom ander die boek moet lees.

FORMAAT

- Enige formaat (Opstelvorm met of sonder onderafdelings: titel, skrywer/skryfster, karakters ens.).
- Die titel, die skrywer/skryfster en belangrike karakters móét genoem word.

VRAAG 2.4 BRIEF AAN DIE PERS**INHOUD**

- Die brief hanteer die inhoud op 'n meer formele vlak.
- Die inleidingsparagraaf sluit by die inhoud van die formele brief aan.
- Die taalgebruik en styl is formeel en saaklik.
- Redes gegee vir swak matriekuitslae.
- Die uiteensetting van inligting is logies en samehangend.
- 'n Duidelike uiteensetting van probleem en sinvolle oplossing word aangebied.

FORMAAT

- Die adres van die skrywer is regs bo geskryf.
- Die datum is voluit geskryf.
- Rig die brief aan die redakteur/redaktrise.
- Die adres van die koerant is teen die kantlyn links bo geskryf (Posadres is gegee).
- Laat 'n reël oop tussen die twee adresse.
- Laat 'n reël oop na die tweede adres.
- Die aanhef is teen die linkerkantlyn geskryf en is formeel (Geagte Heer/Dame/Meneer/Mevrou).
- Laat 'n reël oop voordat die onderwerp geskryf word (SWAK MATRIEK-UITSLAE).
- 'n Reël word tussen die paragrawe oopgelaat.
- Die regte naam of die pseudo naam van die skrywer vorm die slot.
- Daar is geen punktuasie in die adres, aanhef of slot nie.
- Indien die skrywer se adres links onderaan die brief verskyn, moet dit as reg aanvaar word.

ONTLEDING VAN LANGER TRANSAKSIONELE TEKSTE

- Die vrae is só geformuleer dat 'n persoonlike inkleding van die gekose onderwerp van die kandidaat verwag word. Verskillende kognitiewe vlakke, onderliggend aan die NKV word hier in ag geneem.

VRAAG	SOORT SKRYFSTUK	DENKVLAK
2.1	Informeel Brief	2
2.2	Dialog	2
2.3	'n Resensie	3
2.4	Brief aan die Pers	3

■ **ASSESSERING VAN MOEILIKHEIDSGRAAD VAN SKRYFWERK**

Verwys na Opsomming van vrae in vraestel 2: November 2008.

TOTAAL AFDELING B: 20

■ **AFDELING C: KORTER TEKSTE**

Opmerkings:

Taalpunt:

Beoordeel die kandidaat se taalvermoë volgens die rubriek. Besluit dan hoe korrek die formaat is en pas die taalpunt positief of negatief aan.

VRAAG 3.1 'n POSKAART

INHOUD

- | |
|--|
| <ul style="list-style-type: none"> • Die inleidingsin is oorspronklik en lei reeds die onderwerp in. • Inligting moet kort en bondig wees. • Die taalgebruik en styl is gemaklike kommunikasie/gemoedelik/in 'n informele geselstrant. • Die volgende inligting behoort op die poskaart te wees: die werksplek, die werksomstandighede, woonplek, vervoerreëlings en emosies wat beleef word. • 'n Slotsin vorm die afronding van die poskaart. |
|--|

FORMAAT

- Maak gebruik van die gegewe formaat.
- Die adres, aanhef en slot moet op die poskaart verskyn.
- Omdat daar beperkte plek op 'n poskaart is, moet die boodskap kort en bondig wees.

VRAAG 3.2 'n UITNODIGING**INHOUD**

- Die besonderhede/detail oor die matriekpartytjie word duidelik op 'n gepaste manier gekommunikeer.
- Inligting moet kort en bondig wees.
- Die taalgebruik en styl is gemaklike kommunikasie/gemoedelik/in 'n informele geselstrant.

FORMAAT

- Enige formaat
- Die teikengroep wat uitgenooi is, moet duidelik aangedui word.
- Die volgende inligting moet in die uitnodiging wees: wie word uitgenooi, die datum, tyd en plek van die partytjie, wat moet saamgebring word, tipe kleredrag en watter musiek daar sal wees.

VRAAG 3.3 INSTRUKSIES**INHOUD**

- Instruksies moet in die teenwoordige tyd wees, gewoonlik bevelsinne wat met 'n werkwoord begin word.
- Die besonderhede/detail oor hoe om kos te maak, moet duidelik, logies en stapsgewys gekommunikeer word.
- Instruksies moet kort en bondig wees.
- Die taalgebruik en styl is gemaklike kommunikasie/gemoedelik/in 'n informele geselstrant.

FORMAAT

- Enige formaat.
- Die volgende inligting moet in die instruksies wees: watter bestanddele is nodig, die metode hoe 'n kaas-en-tamatie-toebroodjie gemaak moet word.

ONTLEDING VAN KORTER TEKSTE

- Die vrae is só geformuleer dat 'n persoonlike inkleding van die gekose onderwerp van die kandidaat verwag word. Verskillende kognitiewe vlakke, onderliggend aan die NKV word hier in ag geneem.

VRAAG	SOORT SKRYFSTUK	DENKVLAK
3.1	'n Poskaart	2
3.2	'n Uitnodiging	2
3.3	Instruksies	2

■ **ASSESSERING VAN MOEILIKHEIDSGRAAD VAN SKRYFWERK**

Verwys na Opsomming van vrae in vraestel 2: November 2008.

TOTAAL AFDELING C: 20

GROOTTOTAAL: 80

KONTROLELYS VIR OPSTEL EN MODERERING

ALGEMENE NKV BEGINSELS	VRAAGNOMMER	KOMMENTAAR
1. Sosiale transformasie	1.1 1.2 1.3. 1.5 2.1 2.2 2.4 3.1 3.2 3.3	
2. Uitkomsgebaseerde onderwys	Afdeling A, B en C	As uitvloeisel van UGO
3. Hoë kennis/vaardigheid.	1.1 1.5 2.2 2.4	
4. Integrasie	Afdeling A, B en C	
5. Progressie	Vlgs. NKV van gr.10 -11	
6. Artikulasie/oordraagbaarheid	Indien kandidaat voldoen aan vereistes	
7. Menseregte/inklusiwiteit/omgewings-/sosiale geregtigheid	1.1 1.2 1.3 1.5 2.1 2.2 2.4 3.2 3.3	
8. Waardering vir inheemse	1.5 2.1	
9. Geloofwaardigheid/kwaliteit/doeltreffendheid	Afdeling A, B en C	

Uitkomsgebaseerde onderwys: KRITIEKE UITKOMSTE	VRAAGNOMMER	TOTAAL/LEEMTE
1. Identifiseer/los probleme op	Afd. A 1.1 1.4 1.5 Afd. B 2.2 2.4	5
2. Werk doeltreffend in groep(e)	Afd. B 2.1 2.4	2
3. Organiseer en bestuur die self	Afd.A 1.1 1.2 1.4 1.5 Afd.B 2.1 2.3 Afd.C 3.1 3.2	8
4. Inligting versamel,ontleed, organiseer en evalueer	Afdeling A, B en C	
5. Kommunikeer doeltreffend	Afdeling A, B en C	
6. Gebruik wet/tegn. doeltreffend	Afd. A 1.1 1.5	2
7. Die wêreld as sisteem: Probleme nie in isolasie nie	Afd. A 1.1 1.2 1.3 1.5 Afd. B 2.2 2.4 Afd. C 3.1 3.2	8
Uitkomsgebaseerde onderwys: ONTWIKKELINGSUITKOMSTE	VRAAGNOMMER	TOTAAL/LEEMTE
1. Verskillende leerstrategieë	Afdeling A, B en C	
2. Verantwoordelike burgerskap	Afd. A 1.1 1.3 1.4 1.5 Afd. B 2.1 2.2 2.4 Afd. C 3.1 3.2 3.3	10
3. Kultureel/esteties sensitief	Afd. A 1.1 1.2 1.3 Afd. B 2.2	4
4. Beroepsmoontlikhede	Afd. C 3.1 3.3	2
5. Entrepreneurskap	Afd. C 3.1 3.3	2

OPSOMMING VAN VRAE VAN VRAESTEL 2: NOVEMBER 2008

<i>SKRYF</i>	<i>TIPE</i> <i>SKRYFSTUK</i>	<i>LU 3</i> Die leerder is in staat om vir 'n wye verskeidenheid doeleindes en teikengroepe te skryf en aan te bied deur konvensies en verskillende kontekste te gebruik.	ONDERWERP	AANBIEDING	UITDAGING	TOTAAL	VLAK 1	VLAK 2	VLAK 3
<i>AFDELING A</i> <i>VRAAG</i>	<i>OPSTEL</i>	<i>AS</i> <ul style="list-style-type: none"> ■ Beplan volgens doel, teikengroep en konteks. ■ Toon gebruik van skryf-strategieë. ■ Dink na oor, ontleed en evalueer, met inagneming van ander se sienings, eie werk en bied die finale produk aan. 							
1.1	Verhalend		1	1	1	3	1		
1.2	Verhalend		2	2	2	6		2	
1.3	Verhalend		1	1	1	3	1		
1.4	Verhalend		1	1	1	3	1		
1.5	Beskrywend		2	2	2	6		2	
<i>AFDELING B</i> <i>VRAAG 2</i>	<i>LANGER</i> <i>TRANSAK-</i> <i>SIONELE</i> <i>TEKSTE</i>								
2.1	Informeel Brief		1	1	1	3	1		
2.2	Dialog		1	1	1	3	1		
2.3	Resensie		2	2	2	6		2	
2.4	Brief aan die Pers		3	2	3	8			3
<i>AFDELING C</i> <i>VRAAG 3</i>	<i>KORTER</i> <i>TEKSTE</i>								
3.1	Poskaart		2	1	2	5		2	
3.2	Uitnodiging		1	2	2	5		2	
3.3	Instruksies		1	1	1	3	1		
12 onderwerpe/keuses	9 tipes skryfstukke						1	8	3

		<u>Uitmuntend</u>	<u>Verdiensielik</u>	<u>Beduidend</u>	<u>Volgende</u>	<u>Matige</u>	<u>Basies</u>	<u>Ontoereikend</u>
AFRIKAANS TWEDE ADDISIONELE TAAL RUBRIEK NSS AFDELING A: OPSTEL 40 PUNTE	TAAI	<ul style="list-style-type: none"> - Taal en puntuasie word deeglik beheer. - Gebruik gepaste figuurlike taal. - Woordkeuse toepaslik. - Styl weerspieël vereistes deur onderwerp gestel. - Sinne en paragrawe Toepaslik saamgestel, betekenis duidelik oorgedra - Lengte korrek. 	<ul style="list-style-type: none"> - Taal en puntuasie word beheer, figuurlike taal word gebruik. - Woordkeuse meestal geskik. - Styl weerspieël vereistes deur onderwerp gestel. - Sinne en paragrawe geskik saamgestel, betekenis is duidelik. - Lengte korrek. 	<ul style="list-style-type: none"> - Taal en puntuasie meestal korrek. - Woordkeuse taamlik beperk, tog gepas vir teks. - Styl weerspieël vereistes deur onderwerp gestel redelik - Sinne en aragrawe redelik saamgestel, betekenis is redelik duidelik. - Lengte korrek 	<ul style="list-style-type: none"> - Taal ietwat eenvoudig, puntuasie voldoende. - Woordkeuse bietjie beperk, maar pas tog by onderwerp. - Styl weerspieël ereistes deur onderwerp gestel net in 'n mate. - Sinne en paragrawe kan plek-plek foutief wees, maar betekenis redelik duidelik. - Lengte korrek. 	<ul style="list-style-type: none"> - Taal beperk en puntuasie word gereeld verkeerd gebruik. - Woordkeuse basies en beperk. - Styl pas nie by onderwerp nie, ontbreek aan samehang. - Sinne en paragrawe foutief, betekenis tog duidelik. - Lengte – te lank / kort. 	<ul style="list-style-type: none"> - Taal en puntuasie: vol foute - Woordkeuse baie beperk. - Styl pas nie by onderwerp nie. - Basiese samestelling van sinne en paragrawe, betekenis nie duidelik nie. - Teks wemel van foute. - Lengte – te lank / kort 	<ul style="list-style-type: none"> - Taal en puntuasie: vol foute - Woordkeuse verwarrend en deurmekaar. - Styl pas glad nie by onderwerp nie. - Sinne en paragrawe verwarrend en nie konstant nie. - Teks verwarrend en wemel van foute. - Lengte – ver te lank / kort
INHOUD		Kode 7: 80 – 100%	Kode 6: 70 – 79%	Kode 5: 60 – 69%	Kode 4: 50 – 59%	Kode 3: 40 – 49%	Kode 2: 30 – 39%	Kode 1: 00 – 29%
Uitmuntend <ul style="list-style-type: none"> - Inhoud: uitstekend en treffende insig in onderwerp. - Idees: gedagtegang ryp en uitdagend, - Samehangende ontwikkeling van onderwerp, besonderhede duidelik, - Bewyse van kritiese bewustheid van taal. - Bewys van beplanning en/of konsep daarvan lei tot aanbieding van goed beplande opstel. 	80-100% Kode 7	32 - 40	30 - 34	28 - 31				
Verdiensielik <ul style="list-style-type: none"> - Inhoud: baie goeie en deeglike interpretasie van onderwerp. - Idees: verbeeldingryk en interessant. - Logiese ontwikkeling van inhoud. Samehangend - Krities bewys van taal. - Bewys van beplanning en/of konsep daarvan lei tot aanbieding van taamlik goed beplande opstel. 	70-79% Kode 6	30 - 34	28 - 31	26 - 29	24 - 27			
Beduidend <ul style="list-style-type: none"> - Inhoud: goeie grondige interpretasie van onderwerp.. - Idees: interessant, oortuigend. - Min toepaslike besonderhede ontwikkel. - Kritiese bewustheid van taal is beperk. - Bewys van beplanning en/of konsep daarvan lei tot die aanbieding van 'n redelike goeie opstel. 	60-69% Kode 5	28 - 31	26 - 29	24 - 27	22 - 26	20 - 23		
Volgende <ul style="list-style-type: none"> - Inhoud: interpretasie van onderwerp voldoende/redelik. - Idees: gewoon, diepte ontbreek - By sommige aspekte is daar ontwikkeling van die nodige besonderhede. - Bewys van beplanning en / of konsep daarvan lei tot aanvaarbare aanbieding van opstel vir TAT. 	50-59% Kode 4		24 - 27	22 - 26	20 - 23	18 - 22	16 - 19	

<p>Matige</p> <p>- Inhoud :gemiddeld/gewoon, Leemtes in samehang.</p> <p>- Idees: meestal relevant, herhaling.</p> <p>- Mees belangrike besonderhede is teenwoordig.</p> <p>- Bewys van beplanning en/of konsep daarvan lei tot middelmatige, samehangende aanbieding van opstel vir TAT.</p>	<p>40-49% Kode 3</p>			<p>20 - 23</p>	<p>18 - 22</p>	<p>16 - 19</p>	<p>14 - 18</p>	<p>12 - 15</p>
<p>Basiese</p> <p>- Inhoud nie altyd duidelik, samehang ontbreek/ondergemiddeld.</p> <p>- Idees: min idees, gereelde herhaling.</p> <p>- Onderwerp nie deurgaans aangespreek nie, moeilik om gedagtegang te kan volg.</p> <p>- Nie voldoende bewys van beplanning nie.</p> <p>Opstel nie goed aangebied nie.</p>	<p>30-39% Kode 2</p>				<p>16 - 19</p>	<p>14 - 18</p>	<p>12 - 15</p>	<p>02 - 14</p>
<p>Ontoereikend</p> <p>- Inhoud nie van toepassing nie. Geen samehang. nie.</p> <p>- Idees: Nie oor onderwerp nie, deurmekaar, verwarrend</p> <p>- Ontoereikende beplanning, swak aanbieding van opstel.</p>	<p>00-29% Kode 1</p>					<p>12 - 15</p>	<p>02 - 14</p>	<p>00 - 13</p>

		<u>Uitmuntend</u>	<u>Verdienstelik</u>	<u>Beduidend</u>	<u>Voldoende</u>	<u>Matige</u>	<u>Basiese</u>	<u>Ontoereikend</u>
<p>AFRIKAANS TWEDE ADDISIONELE TAAL</p> <p>RUBRIEK</p> <p>NSS</p> <p>AFDELING B:</p> <p>LANGER TRANSAKSIONELE TEKSTE</p> <p>20 PUNTE</p>	<p>TAAL</p>	<p>- Al die reëls van formaat word toegepas.</p> <p>- Teks is meestal grammatikaal korrek en goed saamgestel.</p> <p>-Woordkeuse is meestal van toepassing vir die doel, gehoor en konteks.</p> <p>- Styl meestal van toepassing.</p> <p>- Lengte korrek.</p>	<p>- Reëls van betrokke formaat is toegepas.</p> <p>- Teks is goed saamgestel en taamlik korrek.</p> <p>-Woordkeuse is taamlik geskik vir die doel, gehoor en konteks.</p> <p>-Styl taamlik toepaslik.</p> <p>- Lengte korrek.</p>	<p>- Meeste van formaat--vereistes van teks is toegepas.</p> <p>-Teks is goed saamgestel en redelik akkuraat.</p> <p>- Woordkeuse is redelik toepaslik vir doel, gehoor en konteks van teks.</p> <p>- Styl redelik Toepaslik.</p> <p>- Lengte korrek</p>	<p>- Voldoen aan Formaatvereiste van teks.</p> <p>- Teks is redelik voldoende saamgestel.</p> <p>- Foute beïnvloed nie vloei van teks nie.</p> <p>- Woordkeuse is gedeeltelik toepaslik vir doel, gehoor en konteks van teks.</p> <p>- Styl gedeeltelik toepaslik.</p> <p>- Lengte korrek.</p>	<p>- Het 'n matige idee van formaat van teks -nalatige foute is gemaak.</p> <p>- Teks net basies saamgestel.</p> <p>- Verskeie foute.</p> <p>- Woordkeuse is baie beperk en nie baie toepaslik vir doel, gehoor en konteks van teks nie.</p> <p>- Gebreke in styl.</p> <p>- Lengte te lank of te kort..</p>	<p>- Het 'n vae idee van formaat van teks.</p> <p>- Teks is swak saamgestel en baie moeilik om te volg.</p> <p>- Woordkeuse het intense remediëring nodig en nie toepaslik vir doel, gehoor en konteks van teks nie.</p> <p>- Styl nie geskik nie.</p> <p>- Lengte te lank of te kort.</p>	<p>- Het nie formaat van teks toegepas nie.</p> <p>- Teks is baie swak saamgestel en baie verwarrend.</p> <p>- Woordkeuse deurmekaar en is nie toepaslik vir doel, gehoor en konteks van teks nie.</p> <p>- Styl nie geskik vir onderwerp nie.</p> <p>- Lengte ver te lank of te kort.</p>

INHOUD		Kode 7: 80 – 100%	Kode 6: 70 – 79%	Kode 5: 60 – 69%	Kode 4: 50 – 59%	Kode 3:40 – 49%	Kode 2: 30 – 39%	Kode 1: 00 – 29%
<p>Uitmunterend</p> <ul style="list-style-type: none"> - Uitstekende kennis van kriteria vir tekssoort. - Leerder behou fokus, geen afwyking nie. - Algehele samehang in terme van inhoud en idees, besonderhede ondersteun onderwerp. - Bewys van beplanning en/of konsep daarvan lei tot aanbieding van goed beplande teks. 	Kode 7: 80-100%	16-20	15-17	14-16				
<p>Verdiensielik</p> <ul style="list-style-type: none"> - Baie goeie kennis van hoe die tekstipe aangebied moet word. - Leerder behou fokus, feitlik geen afwyking nie. - Inhoud en idees van teks is taamlik samehangend, die besonderhede ondersteun die onderwerp. - Bewys van beplanning en/of konsep daarvan lei tot aanbieding van 'n taamlik goed beplande teks. 	Kode 6: 70-79%	15 – 17	14 - 16	13 - 15	12 – 14			
<p>Beduidend</p> <ul style="list-style-type: none"> - Goeie kennis van kriteria vir tekssoort. - Leerder behou fokus, geringe afwyking. - Inhoud en idees van teks is redelik samehangend. - Bewys van beplanning en/of konsep daarvan lei tot aanbieding van 'n redelike beplande en goeie teks. 	Kode 5: 60-69%	14 – 16	13 - 15	12 - 14	11 - 13	10 - 12		

<p>Voldoende</p> <ul style="list-style-type: none"> - Redelike kennis van vereistes van hoe die tekstipe aangebied moet - Skryfwerk – leerder fokus, afwyking belemmer nie betekenis van teks nie. - Inhoud en idees van teks is redelik samehangend, van die besonderhede ondersteun die onderwerp. - Bewys van beplanning en/of konsep daarvan lei tot aanbieding van 'n aanvaarbare teks vir TAT. 	Kode 4: 50-59%			12 - 14	11 -13	10 - 12	09 - 11	08 - 10
---	----------------	--	--	---------	--------	---------	---------	---------

<p><u>Matige</u></p> <ul style="list-style-type: none"> - Gemiddelde kennis van vereistes van kriteria vir tekssoort , reaksie op teks toon 'n beperkte fokus. - Skryfwerk: leerder wyk af, belemmer betekenis van teks plek-plek vaag. - Inhoud, idees en samehang is beperk. - Bewys van beplanning en/of konsep daarvan lei tot aanbieding van 'n matige bevredigende en samehangende teks vir TAT. 	Kode 3: 40-49%				10 - 12	09 - 11	08 - 10	07 - 09	06 - 08
<p><u>Basiese</u></p> <ul style="list-style-type: none"> - Ondergemiddelde kennis van kriteria vir tekssoort. Reaksie op teks toon 'n baie beperkte fokus. - Skryfwerk: leerder wyk af, betekenis van teks plek-plek nie van toepassing nie. - Baie beperkte samehang in teks. - Geen bewyse van beplanning/konsep nie. 	Kode 2: 30-39%					08 - 10	07 - 09	06 - 08	01 - 07
<p><u>Ontoereikend</u></p> <ul style="list-style-type: none"> - Geen kennis van hoe die tekstipe aangebied moet word.nie. - Skryfwerk: leerder wyk af, betekenis van teks nie van toepassing nie. - Teks verwarrend en deurmekaar. - Beplanning/konsep ontbreek. Teks swak aangebied. 	Kode 1: 00-29%						06 - 08	01 - 07	00 – 06

		Uitmuntend	<u>Verdiensielik</u>	<u>Beduidend</u>	<u>Voldoende</u>	<u>Matige</u>	<u>Basiese</u>	<u>Ontoereikend</u>
<p>AFRIKAANS TWEDE ADDISIONELE TAAL RUBRIEK NSS</p> <p>AFDELING C: KORTER TEKSTE</p> <p>20 PUNTE</p>	TAAL	<ul style="list-style-type: none"> - Al die reëls van formaat is toegepas. - Teks is meestal grammatikaal korrek en goed saamgestel. - Woordkeuse is meestal geskik vir die doel, gehoor en konteks. - Styl meestal toepaslik. - Lengte korrek. 	<ul style="list-style-type: none"> - Reëls van formaat is toegepas. - Teks is goed saamgestel en taamlik akkuraat. - Woordkeuse is taamlik geskik vir die doel, gehoor en konteks. - Styl taamlik toepaslik. - Lengte korrek. 	<ul style="list-style-type: none"> - Meeste van die reëls van formaat is toegepas. - Teks goed saamgestel en redelik akkuraat. - Woordkeuse is redelik geskik vir die doel, gehoor en konteks. - Styl redelik toepaslik. - Lengte korrek. 	<ul style="list-style-type: none"> - Voldoende reëls van formaat is toegepas. - Teks voldoende saamgestel, foute beïnvloed nie lees van teks nie. - Woordkeuse is voldoende geskik vir die doel, gehoor en konteks. - Styl gedeeltelik toepaslik. - Lengte korrek. 	<ul style="list-style-type: none"> - Het net matige idee van reëls van formaat. - Nalatige foute is gemaak. - Teks is basies saamgestel. - Verskeie foute. - Woordkeuse is baie beperk en nie baie gepas vir die doel, gehoor en konteks nie. - Gebreke in styl. - Lengte te lank of te kort. 	<ul style="list-style-type: none"> - Noodsaaklike reëls van formaat is baie vaag toegepas. - Teks is swak saamgestel en moeilik om te volg. - Woordkeuse het remediëring nodig en is nie toepaslik vir doel, gehoor en konteks van teks nie. - Styl nie van toepassing nie. - Lengte te lank of te kort. 	<ul style="list-style-type: none"> - Noodsaaklike reëls van formaat is nie toegepas nie. - Teks is swak saamgestel en verwarrend. - Woordkeuse deurmekaar, en nie toepaslik vir doel nie. - Styl nie in ooreenstemming met onderwerp nie. - Geen bewys van proeflees nie. - Lengte ver te lank of te kort.
INHOUD		Kode 7: 80 – 100%	Kode 6: 70 – 79%	Kode 5: 60 – 69%	Kode 4: 50 – 59%	Kode 3: 40 – 49%	Kode 2: 30 – 39%	Kode 1: 00 – 29%
<p>Uitmuntend</p> <ul style="list-style-type: none"> - Uitstekende kennis van kriteria vir tekssoort. - Leerder behou fokus, geen afwyking. - Algehele samehang wat inhoud en idees betref, besonderhede ondersteun onderwerp. - Bewys van beplanning en/of konsep daarvan lei tot aanbieding van goed beplande teks. 	Kode 7: 80-100%	16-20	16	14-16				
<p><u>Verdiensielik</u></p> <ul style="list-style-type: none"> - Baie goeie kennis van hoe die tekstipe aangebied moet word. - Leerder behou fokus, feitlik geen afwyking. - Teks is taamlik samehangend wat inhoud en idees betref, besonderhede ondersteun onderwerp. - Bewys van beplanning en/of konsep daarvan lei tot aanbieding van taamlik goed beplande teks. 	Kode 6: 70-79%	16	14-16	14	12-14			
<p><u>Beduidend</u></p> <ul style="list-style-type: none"> - Goeie kennis van kriteria vir tekssoort. - Leerder behou fokus, klein afwykings. - Teks is redelik samehangend wat inhoud en idees betref. - Bewys van beplanning en/of konsep daarvan lei tot aanbieding van 'n redelike goed beplande teks. 	Kode 5: 60-69%	14-16	14	12-14	12	10-12		

<p><u>Voldoende</u></p> <ul style="list-style-type: none"> - Redelike kennis van kriteria vir tekssoort. - Leerder wyk af, maar dit belemmer nie betekenis nie. - Teks voldoende samehangend wat inhoud en idees betref, - sommige besonderhede ondersteun onderwerp. - Bewys van beplanning en/of konsep daarvan lei tot aanbieding van 'n aanvaarbare teks vir TAT. 	Kode 4: 50-59%		12-14	12	10-12	10	08-10	
<p><u>Matige</u></p> <ul style="list-style-type: none"> - Gemiddelde kennis van hoe die tekstipe aangebied moet word. - Respons op opdrag toon baie beperkte fokus. - Leerder wyk af, betekenis soms onduidelik. - Samehang beperk wat idees en inhoud betref. - Beplanning nie voldoende nie, matige teks aangebied. 	Kode 3: 40-49%			10-12	10	08-10	08	03 - 04
<p><u>Basiese</u></p> <ul style="list-style-type: none"> - Ondergemiddelde kennis van kriteria vir tekssoort. Respons op opdrag toon baie beperkte fokus. - Leerder wyk af, betekenis soms onduidelik. - Samehang baie beperk. - Beplanning nie duidelik nie. 	Kode 2: 30-39%				08-10	08	06-08	01 - 03
<p><u>Ontoereikend</u></p> <ul style="list-style-type: none"> - Geen kennis van hoe die tekstipe aangebied moet word. - Leerder wyk af, betekenis onduidelik. - Teks deurmekaar en verwarrend. - Geen bewys van beplanning nie. Teks swak aangebied 	Kode 1: 00-29%					06-08	02-06	00 - 01